



Ek is in staat om myself te motiveer. Omdat ek weet waarheen ek op pad is en met watter doel ek dinge aanpak, kom motivering vanuit my binneste. **Motivering is die sleutel waarmee ek dinge met entoesiasme aandurf.** Ek kan baie vermoë as ek gemotiveerd is.

Ongeag die taak waarmee ek besig is, is ek gemotiveerd om dit te voltooi en maak ek seker dat ek baie motivering het tot aan die einde. **Motivering is hernubaar**, daarom moet dit gedurig aangevul word.

My gesindheid is 'n groot voordeel vir my. My motivering bepaal wat ek doen, maar my gesindheid bepaal hoe ek dit doen en met watter mate van sukses ek die taak afhandel. Ek vermy middelmatigheid, bly gemotiveerd en lewe die lewe met passie.

My doel waarmee ek iets aanpak is vir my duidelik. Wanneer ek oorweldig voel, herninner ek myself net wat my doel is.

My doel vergesel my elke dag met elke taak. Voordat ek enige besluite neem, herinner ek myself aan die doel. Deur presies te weet wat die doel is vergemaklik ek dinge vir myself en bly ek seker van my saak en waarheen ek op pad is.

Die beginpunt en sleutel vir sukses is deur presies te weet wat my doel is met elke taak en selfs met my lewensdoel. Ek weet wie ek is, waarheen ek op pad is en wat ek moet doen.

Ek is baie gemotiveerd vandag. Deur myself kort-kort daaraan te herinner en te weet wat my doel is, verskaf meer energie en passie in my lewe. Deur 'n lewensdoel te hê maak ek dit maklik om gemotiveerd te lewe.

Self-Refleksie vrae:

1. Wat is my lewensdoel?
2. Hoe kan ek my motivering meet? Wat kan ek doen om die motivering van elke dag te verhoog?
3. Watter positiewe veranderinge sal daar in my lewe wees indien ek meer gemotiveerd is?

Maak 'n lys by elkeen van hierdie vrae. Identifiseer aksiestappe wat jy gaan volg en uitvoer in toepassing van die items op jou lys. Moenie vergeet om datums en tye by te voeg oor wanneer jy dit gaan doen nie. Meet jouself gedurende jou stiltetyd in gebed.



BET-EL BYBEL INSTITUUT
Dissipelskap deur Ontwikkeling

